

## Gereformeerde Kerk Bellville – 10 Junie 2018 – Oggend

**Sing vooraf staande:** Psalm 91:5, 7 (p. 461)

- 5 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,  
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.  
In onheilsnag sal geen geweld / jou pad onveilig maak nie,  
jou reistent, eensaam in die veld, / geen kwaad of plaag genaak nie.
- 7 Hoog sal jy oor die leeukop stap, / vertree die roofbespringer;  
jy sal op slang en adder trap / wat sluipend om jou slinger.  
"Hy het my lief, hom maak Ek vry / wat dierbaar in my oog is;  
Ek waak oor hom, want hy bely / my Naam wat hoog en sterk is.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

**Loflied:** Psalm 75:1, 6 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!  
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.  
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 6 God van Jakob, lof en prys / sing ek ewig tot u eer!  
Hoë horings werp ek neer / wat teen U het opgerys.  
Maar ons horing, swaar getref, / word deur God weer opgehef.

**Geloofsbelydenis:** Nicea

**Wet**

**Psalm 32:1, 3 (p. 151)**

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.  
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.  
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;  
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

**Gebed**

**Psalm 69:2, 8 (p. 342)**

- 2 Meer as die som wat ek kan tel, / en meer as my geringe krag,  
vermeerder hul in tal en mag / wat my, onskuldig, neer wil vel.  
Hul laat my sonder oorsaak boet. / Dit jaag en storm deur my gemoed!
- 8 Aanskou my in barmhartigheid: / dit is vir my benoud en nou. / Verhoor my, HEER, verhoor my gou,  
en maak dit om my heen weer wyd. / Die skande en smaad wat my onteer, / my vyand self, U ken  
hul, HEER.

**Skriflesing:** Matteus 5:17-20, 38-42; Romeine 12:17-21; 1 Petrus 4:7

**Kernverse:** Romeine 12:21

**Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie. (Romeine 12:21 AFR53)**

## **Tema:** Burgers in God se koninkryk los die wraak vir God en doen wat goed is

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanoggend druk die Heilige Gees ons neus seker in een van die moeilikste opdragte van ons Here Jesus. Iemand wat aan Jesus Christus behoort, mag nie wraak neem en vergeld nie. Hierdie deel van die bergpredikasie (Matt 5:38-42) en die volgende deel (Matt 5:43-48) is dié dele van Jesus se onderrig wat die meeste bewonder word, maar ook die meeste van weggeskram word. Jesus roep sy volgelinge immers op om liefde te betoon aan hulle wat jou kwaad aandoen en om jou vyande lief te hê. Die gelowige wat dit doen, toon duidelik met sy lewe dat 'n Christen totaal anders is as die wêreldse mense. En dit is juis ten opsigte van hierdie twee sake dat 'n gelowige besef hoe nodig hy die krag van die Heilige Gees in sy lewe het.

Ons het nou al vier keer gesien en gehoor hoe Jesus die eintlike bedoeling van die wet stel teenoor wat die Fariseërs en mense in die algemeen met die wet van die Here doen. Hierdie vier teenstellings waarin Jesus die wet van God vir ons oopgevou het, is in 'n sekere sin miskien makliker om te gehoorsaam as hierdie laaste twee. Met toewyding en ondersteuning van ander gelowiges kan 'n mens nog leer om nie lelik te praat wanneer jy kwaad geword het nie. En 'n mens kan oefen om jou te versoen met die mens wat vir jou kwaad is. Dit is wat Jesus ons in die eerste teenstelling in vers 21 tot 26 geleer het.

In sy tweede teenstelling waarsku Jesus ons om nie met begeerte na die ander geslag te kyk nie. Met die krag van die Heilige Gees en met geoefende wilskrag kan 'n mens ook aanleer om nie met begeerte na die ander geslag te kyk nie. Ook wat die leer in die derde teenstelling betref, is die Here se genade vir sommige mense ook groter as vir ander. Nie alle mense is in of met egskeidings betrokke nie. Maar ook vir hulle wat in egskeidings betrokke is of wie se huwelike die tragiese pad van 'n egskeiding wil opgaan, gee die Here steeds sy belofte. Hy sal aan getroudes sy hulp en bystaan gee sodat hulle weer die pad van vreugde en diens aan God ook in hulle huwelike kan bewandel. Selfs die onderrig in die vierde teenstelling is nie ver van die gelowige nie. Deur die werking van die Heilige Gees kan die gelowige hom en haar daarop toelê om geloofwaardig te lewe en geloofwaardig te praat.

En nou, broers, susters en kinders, kom druk Jesus met hierdie onderrig van vanoggend sy vinger tot diep in ons harte in waar geen ander mens kan sien nie. Met sy vlamme oë deurgrond Hy met hierdie woorde tot diep in jou lewe waarvan net jy weet en Hy weet. Daarom sal hierdie onderrig van Jesus oor die liefde die toetssteen wees waaraan ek en jy duidelik sal kan sien of ons regtig gehoorsaam is aan Christus. As een van ons nou al by voorbaat weet dat jy nie die toets slaag nie omdat jy 'n wrok al vir jare in jou omdra, moenie nou ophou luister nie. Die Here leer ons ook hoekom ons kwaaddoeners moet liefhê en hoe ons dit gaan regkry.

Jesus maak weer 'n aanhaling uit die wetboeke wat God deur Moses aan sy volk Israel geleer het: **Oog vir oog en tand vir tand**. Maar saam met die aanhaling sê Jesus: **Julle het gehoor dat daar gesê is**. Met hierdie laaste woorde maak Jesus dit duidelik dat die teenstelling nie teen die wet van God is nie, maar teen die Jode se gebruik van hierdie wet van God. Jesus het immers gekom om die wet en die profete te vervul sodat ons die volle betekenis daarvan sal begryp. Die Jode het egter onder leiding van die Fariseërs en skrifgeleerdes die wet van God so ingekleur dat die mens met sy eie sondige begeertes gemaklik met sy sonde kan voortgaan en nog onder die indruk bly dat hy of sy gehoorsaam is aan God.

Jesus sê nie dat vergelding verkeerd is nie. Later in die bergpredikasie sê Hy:

**Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. (Matteus 7:1-2 AFR53)**

Vergelding is 'n ware en egte beginsel. As daar nie vergelding was nie, sou daar geen orde wees nie. As daar nie vergelding was of mag wees nie, moes die mens ook nie op grond van sy sonde gesterf het as straf op die sonde nie.

Dit gaan dus nie soseer oor vergelding nie, maar oor wie vergeld en wie wraak neem. Die aanhaling wat Jesus maak, staan in Eksodus, Levitikus en Deuteronomium geskryf. En as 'n mens in Deuteronomium 19 gaan lees, kom 'n mens agter dat hierdie vergeldingsreël nie aan die gewone burgers van die land gegee word nie, maar aan die regters. Wanneer iemand 'n ander mens kwaad aangedoen het en die skuldige word voor die regters gebring en die regters bevind die oortreder skuldig op grond van die getuienis van twee of drie getuies, moet die straf waarmee die oortreder gevonnissen word nie meer of minder wees as die skade wat hy die ander mens aangedoen het nie. Daarom sê die Here: **Oog vir oog en tand vir tand.**

Maar die Fariseërs het net hierdie woorde uit die konteks waarin God dit gegee het, gehaal en die mense geleer dat jyself kan wraak neem as iemand jou kwaad aangedoen het. Die beginsel van vergelding is dus uit die geregshowe gebring, waar dit tuishoort, en in die persoonlike lewe van die mens ingebring, waar dit nié tuishoort nie. Die reg om wraak te neem, behoort nie aan die mens in sy persoonlike hoedanigheid nie. Daarvoor het die Here regeerders en regters aangestel. Omdat hulle dienaars van God is, moet hulle in opdrag van die Here die kwaaddoeners straf. So voer hulle die wil van God uit en is dit inderdaad God self wat reeds in hierdie lewe wraak neem en vergeld oor die onreg wat die kwaad-doener gepleeg het.

Jesus verwag van sy dissipels om hulle nie teen 'n kwaadwillige mens te verset nie. Ons natuurlike reaksie wanneer iemand ons kwaad aandoen, is om net daar en dan terug kwaad aan te doen. Maar Jesus sê: Dit mag jy nie doen nie. Moenie, as iemand jou op die regter-wang slaan, afhaak en hom ook op die wang slaan nie. Draai eerder jou ander wang na hom toe. Laat hy jou dan maar op die linkervang ook slaan. Beteken dit nou dat 'n mens as gelowige jou soos 'n vloerlap moet laat behandel deur 'n kwaadwillige mens? Nee, 'n gelowige mens is mos nie 'n swakkeling gemaak op wie die Here wil hê die wêreld moet trap nie. As 'n gelowige kan en mag jy aandrang op regverdige behandeling.

In sy goedheid en oorfloedige genade het die Here dit bewerkstellig dat daar in ons land 'n grondwet is. Alhoewel ons as gelowiges miskien die grondwet op 'n ander manier sal wil laat begin, kan ons dit ook as 'n stuk genade van God aanvaar. As jy onregverdig behandel word oor jou geloof, velkleur of geslag kan jy jou op die grondwet beroep en eis dat daar geregtigheid sal geskied. 'n Gelowige is daarom nie 'n papperd nie, maar hy gebruik al die middele wat die Here tot sy beskikking stel om gehoorsaam aan die Here na geregtigheid te soek. Hoor u, geliefdes, jy gaan na die instelling wat die Here gegee het om onreg reg te stel. 'n Mens stel nie self die onreg reg deur wraak te neem en te vergeld nie. Ons is bevoorreg dat die Here weë in ons land gegee het waarlangs ons geregtigheid kan soek.

Maar hoekom mag ons nie self wraak neem nie? Hierop kan 'n mens doodeenvoudig antwoord: Omdat ons Here Jesus so sê. Maar ons weet dit is nie vir almal 'n genoegsame antwoord nie. Kom ons kry dan 'n meer uitgebreide antwoord.

Wanneer 'n mens kwaad met kwaad vergeld, verval 'n mens in die afwaartse spiraal van geweld en boosheid. Dit werk mos so: As iemand jou geklap het en jy laat toe dat jou natuurlike geaardheid jou lei, wil jy daardie een wat jou geklap het so 'n bietjie harder klap. En as jou hom nou so 'n bietjie harder geklap het, gaan hy nie terugstaan nie. Hy gaan jou nou harder probeer klap as wat jy hom geklap het. En as klappe nie meer die nodige uitwerking het, skop of byt julle mekaar. Waar eindig dit dan nou uiteindelik? Waarskynlik by dood of net so duskant dood. As jou natuurlike geaardheid jou lei om te reageer met wraak, gaan daardie wraak jou vernietig. En wat het jy dan daarby gebaat? Net mooi niks nie.

'n Ander negatiewe gevolg wat persoonlike wraak neem en vergeld inhou, is dat jou verhouding met die Here jou God skade ly. As jy jou nie deur die Heilige Gees laat lei nie en nie selfbeheers en nugter bly wanneer 'n ander mens kwaadwillig teenoor jou optree nie, sal jy nie meer kan bid nie. Dit is nie net jou hande en voete wat by die wraak betrokke is nie. Jou hele menswees is daarby betrokke, ook jou hart en verstand. Jy kan naderhand aan niks anders meer dink nie behalwe hoe jy die ander een volgende keer gaan terugkry. Wie se hart en verstand so deur wraak verslind word, kan nie meer bid nie. Daarom sê die Heilige Gees vir die mense aan wie Petrus geskryf het:

**Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid.**

(1 Petrus 4:7 AFR83)

En nou moet ons in gedagte hou dat Petrus daardie eerste brief geskryf het aan mense wat glad geen regte gehad het nie. As hulle onregverdig behandel is, kon hulle nie na 'n grondwet-like hof toe gaan met die saak nie, want hulle was uitlanders. Te midde van daardie onreg word hulle ook deur die Here aangesê om hulle nie teen kwaadwillige mense te verset nie.

Ons het nou gehoor wat die negatiewe gevolge is wanneer 'n mens kwaad met kwaad vergeld. Ons moet nou uitkom by die positiewe waarmee die Heilige Gees ons wil toerus. Die Here ons God wil 'n einde bring aan alle onreg en kwaadwilligheid, en Hy gaan dit ook doen. Wanneer Jesus Christus terugkom as Regter na hierdie aarde gaan Hy almal, lewendes en dooies, oordeel. En hulle wat kwaadwillig opgetree het en mense onregverdig behandel en mishandel het, sal Hy saam met die satan en al die bose engele in die vuur werp wat nooit geblus word nie. So gaan ons Here beslis 'n einde maak aan geweld.

Maar die Here gaan nie eers daar op die laaste dag finaal 'n einde aan alle geweld maak nie. Reeds nou wil en gaan Hy dit doen. Met sy gelowiges as werktuie in sy hand wil die Here die ketting van geweld breek. Wanneer kwaad met kwaad vergeld word, is dit 'n eindelose ketting van geweld. Daarom sê die Here: **Oorwin die kwaad deur die goeie.** En die goeie waarvan die Here hier praat, is die liefde.

Wanneer iemand jou kwaad aandoen, wag en dink mooi voordat jy reageer. Dink mooi wat tot die meeste eer vir God se Naam en tot die meeste voordeel van daardie kwaadwillige mens sal wees. En dit gaan beslis nie wees om wraak te neem nie, maar deur in liefde op te tree, Christelike liefde. Dit is liefde wat niks terugverwag nie. Dit is liefde wat gee, ongeag wat die ander persoon doen of sê. Dit is liefde wat offer – jou liggaam, jou klere, jou tyd, jou geld, en wat ook al nodig is om miskien ook hierdie kwaadwillige mens vir Christus te wen.

Nou hoe op dees aarde gaan 'n mens dit regkry, kan jy tereg vra. Om daardie een lief te hê en die liefde ook konkreet te wys aan daardie mens wat jou kwaadwillig behandel, is nie

iets wat uit onself uit kan kom nie. In hierdie saak het ons 'n groot behoefte aan die krag van die Heilige Gees.

Wanneer ons die slagoffers van misdaad en geweld word, moet ons fokus op ons verhouding met God. Dink na oor hoe dit gebeur het dat jy 'n kind van God kon geword het. God het immers nie jou oortredings teen Hom op jou gewreek nie. Omdat God vir jou liefhet, het Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur. En dit is op sy eie geliefde Seun wat God jǒu oortredings teen Hom gewreek het. Omdat jy die ontvanger is van God se oneindige liefde, mag jy nie anders optree as om dieselfde liefde aan die wêreld te bewys nie. Deur onregverdigte en kwaadwillige optrede van iemand anders te verduur en dit met opofferende liefde te vergoed, dan is jy juis besig om Jesus baie duidelik sigbaar aan die kwaadwillige mens te maak. Sodoende oorwin jy die kwaad – wat in jouself dreig om uit te bars – met die goeie. En as dit God se wil is, sal die kwaad in die kwaadwillige persoon ook met die goeie oorwin word. Niemand van ons weet immers of God ook hierdie kwaadwillige mens se oortreding teen Hom op sy Seun gewreek het nie.

Het jy al gedink hoeveel kosbare tyd en energie ek en jy al vermors het om wraak te neem en te vergeld? En op die ou end het ons niks gewen nie. Inteendeel, ons het heeltyd net verloor – tyd en energie – wat ons kon gebruik het om God te dien en tot voordeel van ons naaste te lewe. Dit is immers waarom God ons sy kinders gemaak het. En nog heeltyd sê die Here dat dit sy reg en werk is om te straf en wraak te neem. Hy sal die onreg vergeld. Hy belowe dit. Kom ons gebruik die tyd en energie wat ons nog oor het om die kwaad met die goeie in onself en in ander mense te oorwin. En aangesien ons dit nie vanself gaan regkry nie, laat ons onophoudelik bid dat die Heilige Gees ook in hierdie saak volle beheer van ons lewens sal oorneem.

**Amen!**

Gebed

Slotpsalm 75:2, 4 (p. 377)

- 2 Al vertoef Ek, spreek die HEER; / al gaan jare langsaam om –  
Eind'lik sal my regsdag kom, / en dan daal my oordeel neer.  
Wat ook wankel – deur my hand / bly die aarde<sup>n</sup> in vaste stand.
  
- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,  
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.  
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Katkisasieopening**

Skrifberyming 8-3

Die Vader, Seun en Gees / is ewig God en Here.  
Ek kan nou seker wees / die Gees bring nuwe lewe.  
Hy is aan my gegee / en lei my tot geloof.  
Hy troos my elke tree – / so het die Heer beloof.

n.a.v. Heidelbergse Kategismus Sondag 20

**Ds Coenraad Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**10 Junie 2018**